**12 Oktober**

## Nagte van smart

**Skrif- en Fokusgedeelte: Job 7:1-16**

Die maande van lyding na my brandongeluk (kyk na my eerste dagstukkie) was nie net lyding in die dag wanneer ek wakker was nie, maar ook in die nag, nes God hier deur Job in ons teksgedeelte openbaar. Job vertel dat die nagte vir hom net smart ingehou het. As hy gaan slaap, was die realiteit van die nag se lyding wat voorlê so groot dat hy gewens het die dag wil al weer aanbreek ... Maar Job vertel ons hier: Die nag sleep stadig verby en heelnag rol hy rusteloos rond tot dagbreek toe. In vers 13 en 14 kla hy teenoor God: “As ek dink dat my bed my sal troos of dat ek verligting van die pyn sal kry as ek lê, dan verskrik U my in my drome, en oorval U my met nagmerries.”

Ons moet veral met kankerpasiënte wat onder morfienbehandeling is, onthou: die allervreeslikste nagmerries maak deel uit van hulle lyding. Ons moet ook hieroor vir hulle voorbidding doen. En as dit moontlik is, toesien dat dierbares ook in die nag by die bed sit (nie in die wagkamer nie), om hulle wakker te maak as hul kerm en huil onder sulke drogdrome.

Ek kan hieroor van ondervinding praat. Dit het so baie vir my beteken dat van die verpleegpersoneel ure lank in die nag vir my uit die Bybel voorgelees het, en so my nag soveel korter gemaak het. Wat ’n verligting elke keer wat hulle my wakker gemaak het as die allerverskriklikste nagmerries my geteister het en ek dan in my slaap gehuil en gekerm het.

*Sing: Psalm 22:1 (Totius)*

*Ds. Willie Venter (Emeritus)*